

**7 Oktober**

**Kolossense 2:6-15 (6:11,12)**

***Deur die krag van Christus opgewek in 'n nuwe lewe***

Die kerk worstel van sy ontstaantyd af met mense wat dink die krag van die Evangelie lê in die uiterlike gebruike wat ons toepas. Gedurig bly dit egter die vraag: Stem dit wat jy uiterlik doen ooreen met wat binne-in jou hart aangaan of behoort aan te gaan? Baie sê godsdienst is vandag steeds net 'n leë ritueel. Jy is dalk met die mooiste klere in die kerk maar jou hart is ver van die Here af.

Kain het destyds 'n offer gebring wat nie aanvaar is nie, want sy hart was onopreg. Die Fariseërs se godsdienstige vertoon is goed bekend. Niksseggende rituele het in die dae van Paulus groot probleme veroorsaak. In Jeremia 9 sê die profeet die Here gaan selfs almal wat besny is straf - want net soos die heidene is Israel onbesnede van hart. Oor dié onbesnede hart, al is jy vleeslik besny, praat Paulus baie in sy briewe. Hy skryf byvoorbeeld aan die Kolossense om dwaalleraars in die stad teen te gaan. Die mense wou ten alle koste die bekeerlinge uit die heidene laat besny. Hulle het die voorskrif só verdraai dat mense in die besnydenis 'n soort toorkrag teen die bose begin sien het. Paulus sê egter vir nuwe Christene: Moet nooit jou verlossing en krag soek in uiterlike besnydenis nie. Julle is saam met Christus besny in julle doop. Die doop is 'n sinnebeeld van ons sonde wat sterf saam met Jesus aan die kruis. Die onderdompeling in die doop praat egter ook van lewe na die dood. Die gedoopte persoon kom op uit die water soos Jesus opgestaan het uit die dood en die graf. Deur in Christus te glo ontvang ons die krag van die Heilige Gees om in 'n nuwe lewe saam met Hom op te staan, of ons nou besny is of nie, en of ons offer presies soos die Ou Testament voorskryf of nie - of ons die regte mode vir kerk kan bekostig, of nie. Uiteindelik gaan dit net oor een vraag: Glo jy dat die skuldbewys vir jou sonde aan die kruis vasgespyker is? Glo ek dit opreg is ek deel van 'n groot skare wat in 'n sekere sin saam met Hom gesterf het en ook weer in 'n nuwe lewe saam met Hom opgestaan het. Dit is wat die krag van sy opstanding beteken.

Ds. K.A.J. van Rensburg (Kaapstad)